# Welkom by NG The Reeds

## ‘n Veilige hawe vir nuwe hoop

Gesoek - goeie herders en skape in ’n see van ongeregtiheid



**So sal ek kom**
met my stukkie lof
met my bietjie bid
met my sinne van stof
wil ek voor U kom sit
met my vandag se leef
en môre se dood

met my reguit en skeef
met my honger en brood
so sal ek kom
as ek kom om te juig
dankbaar en dom
sal ek nederig kom buig


Die Here is ons Herder
ons kom niks kort nie.
Die Here is met ons
Hy skenk sy vrede aan ons!



# Lied 175

**Majesteit,**

**glansryke heerlikheid!**

**Ons wil Jesus,**

**die koning, hulde bewys!**

# L 175 (vervolg)

Majesteit,

hemelse heerlikheid!

Van waar ons woon, tot by sy troon,

wil ons Hom prys.

Kom ons loof, kom ons besing

die Naam van Jesus!

# L 175 (vervolg)

**Kom ons loof, kom ons aanbid**

**die Here ons God!**

**Majesteit,**

**heilige heerlikheid!**

**Hy het gesterf, ons heil verwerf,**

**Hy het oorwin!**


Sê nou maar …

# GEBEDSLYS

- Martie de Klerk– sy is na tweede hospitalisasie in Ierland ontslaan en is terug in die land. Kom ons bid steeds vir haar en Schalk.
- Sarlette Frazao – het Vry. (18/10) 'n operasie ondergaan. Kom ons hou haar in ons gebede
- Jaco Pretorius –het Vry. (18/10) 'n operasie ondergaan. Kom ons hou hom in ons gebede.

# GEBEDSLYS

- **Lu-Ann Mortlock –moes Wo. (16/10) dringend gaan vir n operasie. Kom ons dink ook aan haar, Andrew en die kinders .**
- **Petro Davis-Smith** se broer Henning Boshoff is ontslaan uit die hospitaal terminaal. Kom ons dink aan die familie deur die tyd.
- **Rene van der Merwe,** Maritjie Mostert se dogter, is Sa. (19/10) in die hospitaal opgeneem.  Ons dink aan haar en Marietjie.

# ONS DANK AAN GOD

VANDAG SE ONS DANKIE VIR ONS GELOOFSFAMILIE. DANKIE DAT ONS DAAR KAN WEES VIR MEKAAR EN MEKAAR KAN ONDERSTEUN.
DANKIE VIR DIE WONDERLIKE REËN WAT ONS ONTVANG HET.



# Esegiël
# 34 : 1-24



1. Die woord van die Here het tot my gekom: 2. "Mens, tree op as profeet teen die herders van Israel, tree op as profeet en sê vir hulle, vir die herders: **So sê die Here my God**: Ellende wag vir die herders van Israel wat **net vir hulleself sorg**! Moet herders dan nie vir die kleinvee **sorg** nie? 3. **Julle** drink die melk, **julle** maak vir julle klere van die wol, **julle** slag die vetste kleinvee, maar **julle sorg** nie vir die kleinvee nie. 4. **Julle het nie** die swakkes **gehelp** nie, **julle het nie** die siekes **gedokter** nie, **julle het nie** die **wonde** van dié wat seergekry het, **versorg** nie, **julle het nie** dié wat weggedwaal het, **teruggebring** nie, **julle het nie** dié wat weggeraak het, **gesoek** nie. **Julle** was harde en wrede regeerders. 5. Die kleinvee was sonder herder en het verstrooi geraak, en toe hulle verstrooi raak, word hulle 'n prooi vir roofdiere. 6. My kleinvee het rondgedwaal oor al die berge en oor al die hoë heuwels, hulle het verstrooi geraak oor die hele aarde en niemand het hulle gesoek of na hulle gevra nie."

7. Daarom, herders, **hoor die woord van die Here**: 8. "My kleinvee is uitgelewer en het die prooi van enige wilde dier geword; hulle is sonder herder, sonder iemand wat na hulle soek; die herders het vir hulleself gesorg en nie vir my kleinvee nie. So seker as Ek leef," sê die Here my God, "**Ek sal die herders straf**." 9. **Hoor die woord van die Here**, herders! 10. **So sê die Here my God**: "**Ek gaan** optree teen die herders: **Ek eis** my kleinvee van hulle terug, **Ek maak 'n end** daaraan dat hulle die kleinvee se herders is, hulle sal nie herders bly net om vir hulleself te sorg nie. **Ek sal** my kleinvee red en hulle nie deur die herders laat opeet nie."11. **So sê die Here my God**: "**Ek sal** self my kleinvee **soek** en na hulle **omsien**. 12. Soos 'n herder **omsien** na die kleinvee wat uit sy trop verstrooi raak, **so sal Ek omsien** na my kleinvee **en hulle red** uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is op daardie donker oordeelsdag.

13. Ek sal hulle tussen die ander volke uitbring, hulle bymekaarmaak uit die ander lande en hulle bring na hulle land toe. Ek sal hulle versorg op die berge van Israel, in die klowe, in al die woonplekke in die land. 14. Ek sal vir hulle sorg vir goeie weiding. Hulle sal wei op die hoë berge van Israel en rustig daar in die goeie weiveld lê en herkou. Hulle sal op geil veld wei daar in die berge van Israel. 15. **Ek sal self my kleinvee se herder wees** en hulle rustig laat lê en herkou," **sê die Here my God**. 16. "Ek sal dié soek wat weggeraak het, dié terugbring wat weggedwaal het, die wonde versorg van dié wat seergekry het, die swakkes help. Maar Ek sal dié wat vet en sterk geword het, uitroei. Ek sal 'n herder wees wat reg laat geskied. 17. "En wat julle betref, my kleinvee," sê die Here my God, "Ek gaan regverdig oordeel tussen skaap en skaap en tussen skape en bokke.

18. Party van **julle het** die **beste gras afgewei** en boonop wat oorgebly het, vertrap. **Julle het skoon water gedrink** en **wat oorgebly het, vuil gemaak**. 19. My ander skape moes die gras vreet wat deur julle vertrap is en die water drink wat deur julle vuil gemaak is. 20 "Daarom," **so sê die Here my God**, "gaan Ek nou regverdig oordeel tussen die vet skape en die maeres. 21. Julle het die **swakkes met julle lywe en skouers weggestoot** en **hulle met julle horings gestamp** totdat julle hulle **weggedryf** het. 22. Maar **Ek gaan** my kleinvee red. Hulle sal nie meer uitgelewer wees as buit nie. **Ek gaan** regverdig oordeel tussen skaap en skaap. 23. **Ek gaan** vir hulle net een **herder** aanstel, en hy sal vir hulle sorg: my dienaar Dawid. Hy sal vir hulle sorg, hy sal vir hulle 'n **herder** wees. 24. **Ek**, die Here, **sal** hulle God wees, en my dienaar Dawid sal oor hulle regeer. **Ek, die Here, het dit gesê**. **Ek sal**… **Ek sal**… **Ek laat**… Hulle sal…


Sê nou maar …


Die volk is in ’n geloofskrisis
Die profeet bing troos, bemoediging en hoop


Die volk is in ’n geloofskrisis
Wat het dit veroorsaak?
Nasionalistiese teologie

# Rede vir hierdie geloofskrisis:

*Julle het die bedoeling van my beloftes gemis*!




Staan op beloftes en regte sonder verntwoor-delikhede
Die volk is in ’n geloofskrisis
Beeld van herder & skape – Here het julle nie verlaat


Ek en jy beleef
ook geloofskrisis


’n Herder is mos volledig daar vir skape
Hoe word die beeld van die herder gebruik?
Herders – regeerders of leier se rol


Geen vrede & harmonie net verstrooiing, vrees, agterdog en haat
Herders soos wolwe - selfsugtig
Hoe word die beeld van die herder gebruik?
• Help nie swakkes nie
• Dokter nie siekes
• Versorg nie wonde van die wat seerkry nie
• Bring nie weggedwaaldes terug nie
• Soek nie weggeraaktes nie


Hoe 'n herder
is jy?
Is daar iets wat ek
vir jou kan doen?


Ek sal julle Herder wees!
"Kyk, hier is ek!"
• Help swakkes
• Dokter siekes
• Versorg wonde van die wat seerkry
• Bring weggedwaaldes terug
• Soek weggeraaktes


"Kyk,
hier is ek!"
Ek sal julle
Herder wees!
Jesus –
Ek is die
goeie Herder



Hoe word die beeld van die skape onderling gebruik?
*Waarskuwing:*
*In 'n tyd*
*van wetteloosheid*
*& skaarste...*
Vet skape
vertrap gras
vertroebel water
boelie ander



“Kyk, hier is ek!”
Hoe word die beeld van die skape onderling gebruik?
God skep ’n nuwe verhouding
Hoe begin ons ’n nuwe wêreld skep?


Sê nou maar …

Kom ons droom oor
‘n wêreld waar God
se goeie sorg in
en deur ons vloei





# Gesoek - goeie herders en skape in ’n see van ongeregtiheid



# Lied 577: 1

Die Heer, my herder, sorg vir my,

Hy laat my rustig wei;

langs waters waar daar vrede is,

sal Hy my veilig lei.


L 577:2
Die Heer gee my weer nuwe krag
en Hy sal met my gaan;
Hy lei my op die regte pad
ter ere van sy Naam.

# L 577:3

Al lê daar donker dieptes voor,

tog hoef ek nie te vrees,

want U's by my, en in u hand

sal ek steeds veilig wees.



# L 577:5

Net goedheid, liefde, lewenslank,

gee U, o Heer, vir my;

by U's ek tuis, en in u huis

sal ek vir ewig bly.



# Gesoek - goeie herders en skape in ’n see van ongeregtiheid

**Eseg. 34**